**DINSDAG 21 JULIE**

**SKRIFGEDEELTE: NUMERI 4:1-20**
**FOKUSGEDEELTE: NUMERI 4:4**

## Kehat – Lewe heilig voor God

Kehat was die tweede seun van Levi, en Moses en Aäron se oupa. Ons eerste fokusvers beskryf die Kehatiete se taak in die tabernakeldiens van Israel: hulle was verantwoordelik vir die besondere gewyde voorwerpe. Wanneer die tabernakel deur die priesters afgebreek is om saam met die volk te trek, moes die Kehatiete die volgende voorwerpe dra: die verbondsark, die offerbroodtafel met sy toebehore, die kandelaar met al sy toebehore en al die gereedskap wat vir die diens in die heiligdom nodig was.

Hierdie groep mans was dus verantwoordelik daarvoor om alles in die Heilige en die Allerheiligste te versorg (Num. 3:28). Dat dit ’n belangrike taak was, blyk uit die straf vir ontrouheid: “Hulle mag nie aan die gewyde voorwerpe raak nie, want dan sal hulle sterwe.” Hulle moes die gewyde voorwerpe met toewyding versorg sodat God se heiligheid nie in die oë van die volk aangetas word nie.

Wat beteken die Kehatiete se taak vir ons? Daar is natuurlik nie meer vir ons gewyde voorwerpe in ’n tabernakel of tempel om te versorg nie, en die dood wag nie vir ons as straf as ons onheilig lewe nie. Die Kehatiete herinner ons egter wel daaraan dat ons self gewyde voorwerpe voor God is. Ons sondes is immers afgewas, ons is geheilig, ons is vrygespreek in die Naam van Jesus Christus en deur sy Gees (vgl. 1 Kor. 6:11).

Daarom moet ons voor God heilig lewe. Ons moet onsself aan God gee as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is (Rom. 12:1). Wanneer ons heilig voor God lewe, kom ons heiliging deur Christus en die Gees tot uiting en sien ander dat ons die heilige God aanbid.

Die heilige eerbied waarmee die Kehatiete hulle tabernakeldiens verrig het, roep ons op om in ons hele lewe heilig te wees.

*Sing: Psalm 101:1, 2 (2001)*
*Dr. H (Hennie) Goede (Vereeniging)*